# SAVF Tzaneen Kleuterskool

SAVF
TZANEEN KLEUTERSKOOL

# ASJASSIE NUUS

Junie 2026

## Wat het alles die afgelope tyd by die skool gebeur?


- Ons het die kruisiging en opstanding van Jesus gevier. Die hele week is die verhaal behandel en aktiwiteite is gedoen. Vrydag het ons na ’n mooi video oor Paasfees gekyk en weer verduidelik waaroor dit gaan. Elke klas het agterna die geleentheid gekry om Paaseiers te gaan soek. Wat ’n heerlike soetigheid om die week mee af te sluit. Ons vra dat ouers asseblief die verhaal tuis sal herhaal.
- Met die skool se verjaarsdag het ons spesiale klere aangetrek en heerlik koek geëet. Dankie vir almal se goeie wense.
- Ons het ‘n paar keer ons eie fietse skool toe gebring en baie lekker op dit rondgery.
- ‘n Vroeë Sekretaressedag is gevier om vir Marlize in die kantoor dankie te sê vir haar uitstekende werk.
- Met Wêreld Gidshond Dag het SAACA die skool besoek en ons meer geleer oor versorging van troeteldiere.
- Die brandweer het ons tydens Brandweerdag kom vergas met ‘n paar oulike dansies, ‘n demonstrasie van water spuit en inligting oor brandbestryding. Die  sirenes se geloei was ‘n hoogtepunt.
- Juffrou Ronel is vreeslik bederf op haar verjaarsdag. Sy sal graag soos Liewe Heksie meer gereeld wil verjaar, maar waardeer elkeen se mooi wense.
- Vir Moedersdag en Vadersdag het elke Mamma en Pappa ‘n sjokolade ontvang sowel as ‘n kaartjie van die kleuters.
- Die Poppetee was weereens ‘n pragtige geleentheid wat hierdie jaar in ons eie saal gehou is. Die gasvrou-mammas het verskriklik baie moeite gedoen en ons dogtertjies het hulle gate uit geniet. Die trompoppies het ook hul heel eerste optrede vir die jaar gehad by hierdie mooi funksie.

- Soos gewoonlik is speeltyd baie belangrik by die skool, want ons leer mos deur te speel. Motoriese vaardighede is ontwikkel en emosionele groei het plaasgevind.
- Assessering is afgehandel. Rapporte word voor die vakansie uitgedeel.
- Ons kon net so voor die einde van die kwartaal ons nuwe Hondjieklas juffrou verwelkom. Juffrou Nicola Roets, mag jy lank en gelukkig by ons werk.
- Buitemuurse aktiwiteite het ingesluit playball, swem, ballet, dans, netbal, Witjassies, Zanis en rugby.
- Intussen het Monkeynastix die kleuters ook besig gehou, terwyl die groter kinders op rekenaars gewerk het saam met Stimuzone.
- Die Ouerkomitee is besig om te beplan aan ’n Rolbalaand op 16 Oktober. Hou ons sosiale media dop. Behalwe dat dit ’n feestelike aand gaan wees, is dit ook ’n baie goeie fonds-insamelingsgeleentheid. Spanne moet asseblief inskryf.
- Nou sien ons uit na ’n lekker vakansie waar van die personeel ’n bietjie gaan rus terwyl die ander die fort hou. Kleuters wie se ouers ook verlof het word gevra om hul kinders ook ’n bietjie te laat rus en by die huis te hou.

## Waarna kan ons uitsien in die derde kwartaal van 2026?

- Fotodag 4 Augustus
- Openbare Vakansiedag 10 Augustus
- Konsert 14 Augustus – kaartjies te koop vanaf 20 Julie
- Pa en Seun Kamp 28 Augustus
- Lenteloop en Lentedag 4 September
- Opedag 12 September
- Hoededag 23 September
- Erfenisdag 24 September
- Onderwysersdag 5 Oktober
- En vele meer ...


# Uit die hoof se kantoor



Baie dankie aan ons ouers wat die skool en personeel so getrou ondersteun. Julle maak ons lewe by die skool baie makliker en regtig aangenaam. Baie dankie aan almal wat klokslag aan die einde van die maand hul verpligtinge teenoor die skool nakom. Sodoende kan ons die ligte aanhou, kos koop en salarisse betaal.

Daar was hierdie kwartaal mooi goed wat gebeur het, en 'n paar kleuters het nuwe boeties en sussies by gekry: Baie geluk! Die skool se getalle bly in die omgewing van 130. Ons kry wel gereeld nuwe inskrywings, maar ons kort nog 'n paar maatjies om ons begroting heeltemal te laat klop. Ons ouers is nog steeds ons beste advertensie.

Hou asseblief altyd u whatsapp dop vir boodskappe van die skool. Ons probeer maar papier spaar. Onthou ook dat konsertkaartjies een van die dae te koop sal wees. Fotogelde moet betyds betaal word om teleurstelling te voorkom.



*Kleuters beleef en verwerk gebeure op 'n heel ander manier as volwassenes. Hulle vertel dikwels iets vanuit hul eie perspektief en op 'n manier wat vir hulle sin maak. As volwassenes verstaan ons nie altyd die volle betekenis of konteks van wat hulle probeer oordra nie.*

*Dit gebeur ook soms dat kleuters nie 'n gebeurtenis presies weergee soos dit plaasgevind het nie. Dit beteken nie noodwendig dat hulle doelbewus onwaarhede vertel nie — verbeelding, emosies en hulle eie belewenis kan 'n groot rol speel. Soms vertel hulle selfs iets omdat hulle graag aandag, begrip of ondersteuning wil hê.*

*Daarom wil ons ouers met groot omsigtigheid vra om altyd eers die volle prentjie te probeer verstaan voordat gevolgtrekkings gemaak word. Deur saam te luister, vrae te vra en met die skool in gesprek te tree, kan ons as ouers en personeel hande vat en saamwerk tot die beste voordeel van ons kinders.*

**Die belangrikheid van ’n pappa in ’n kleuter se lewe**

’n Pappa se rol in ’n kind se lewe is kosbaar en uniek. Vir ’n kleuter is ’n pappa nie net iemand wat voorsien en beskerm nie — hy is ’n bron van liefde, veiligheid, leiding en aanmoediging. Deur ’n pappa se teenwoordigheid leer ’n kind wat dit beteken om geliefd, waardevol en raakgesien te wees.

Kleuters leer baie deur die voorbeeld wat hulle daagliks sien. Die manier waarop ’n pappa praat, optree, liefde wys en ander hanteer, vorm deel van die fondament waarop ’n kind se waardes en selfbeeld gebou word. Selfs klein oomblikke — ’n drukkie, ’n storie voor slaaptyd, ’n speletjie of ’n eenvoudige gesprek — laat diep spore in ’n kind se hart.

Die Bybel herinner ons aan die besondere rol van ouers in ’n kind se lewe. In **Spreuke 22:6** lees ons:
*“Gee leiding aan ’n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy oud is nie daarvan afwyk nie.”*
Dit beklemtoon die invloed wat ouers het om kinders van kleins af met liefde, wysheid en waardes te begelei.

In **Efesiërs 6:4** word vaders aangemoedig:
*“Vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil hê.”*
Hierdie vers wys dat ’n pappa se rol nie net oor dissipline gaan nie, maar oor om kinders met geduld, liefde en Goddelike leiding groot te maak.

’n Pappa wat betrokke is, gee vir ’n kind ’n gevoel van behoort. Hy wys vir sy kind: “Jy is belangrik. Ek sien jou. Ek is hier vir jou.” Hierdie sekerheid help ’n kleuter om met vertroue die wêreld te ontdek.

Mag ons elke pappa aanmoedig om die klein jare te koester — want die handjie wat vandag joune vashou, sal eendag groot genoeg wees om sy eie pad te stap. Die liefde, tyd en voorbeeld wat ’n pappa vandag gee, is ’n geskenk wat ’n kind vir ’n leeftyd saam dra.



# UIT DIE MOND VAN DIE SUIGELING



Johannes (Hasie): Maak sy kosblik oop en sê "Ag nee, alweert pletels (pretzels)!"

Daniël (Hasie): "Juffrou, ons speel met Zak, maar ons speel nie met girls nie."

Deané en Tijané (Katjies): Tijené gaan sit op die tafel en gesels. Deané sê baie ernstig "Jy gaan nie 'n man kry nie!" Waarop Tijané geskok sê "Ek wil nie 'n man hê nie!"

Liz-Mari (Eendjie): Gaan in die Vissieklas, tel die babapop op en sê "Hy is kaalgat!".

Magnus en Mira (Hondjies): "Juffrou, kyk die stoof buite!" *(stoom - mis)*

Larike (Apie): "Het juffrou geweet as jy mal is dan is jou bene moeg."

Dian (Apie): Tik teen sy kop en sê "My pappa sê ek moet my 'data' hier bo bêre."

Lynique (Hasie): "Karlien, jy is nie 'n juffrou nie, jy het klein tande, Juffrou het groot tande."

Karlien (Hasie): "Moenie my arreteer nie." (*irriteer*)

Björn (Hasie): "Hierdie captawurm (caterpilar) is baie mooi."

Karlien (Hasie): "Juffrou, jy moet jou saftybands aansit." *(Safetybelts)*

Mila-Mari (Eendjie): Sy sit in die hoekie en skree vir Lumé "Lumé kyk, ek is stout."

Khloé (Vissie): "Die makiete byt my." *(muskiete)*

Elani (Vissie): "Ek het 'n heelperd gesien." *(kameelperd)*

Liz-Mari (Eendjie): "Juffrou kan ek koeldrank kry? Ek vra asseblief!"

Khloé (Vissie): "Pappa huil, hy soek 'n baba."

Luhan (Apie): "Juffrou onshet 'n konsertstorie op my pa se rekenaar gekyk."

*Nou ja, daar het jy dit ...*



H/v Agatha-/Boundarystraat

TZANEEN

0850

015 307 4255

Liewe Ouers

Baie dankie vir elke ouer wat die tyd geneem het om die meningsopname te voltooi. Ons waardeer julle eerlike terugvoer, positiewe woorde, voorstelle en bekommernisse opreg.

Dit beteken vir ons baie om te hoor dat ons kinders gelukkig voel, floreer en met liefde en sorg omring word. Julle mooi woorde oor ons personeel, akademiese program, speelgronde en algemene skoolatmosfeer word opreg waardeer en dien as groot aanmoediging vir ons hele span.

Ons neem ook die areas wat uitgelig is vir verbetering ernstig op. Terugvoer rondom kommunikasie, toesig, veiligheid, naskoolpersoneel en akademiese verwagtinge is reeds bespreek en sal verder aandag geniet. Ons bly daartoe verbind om voortdurend te groei en die beste moontlike omgewing vir elke kind te skep.

Ons waardeer die vertroue wat julle in ons plaas om deel van julle kinders se vormingsjare te wees. Die samewerking tussen ouers en skool bly vir ons van uiterste belang, en ons sien daarna uit om saam verder te bou aan 'n gelukkige, veilige en stimulerende skoolomgewing.

Baie dankie vir julle ondersteuning, betrokkenheid en liefde vir ons skool.

Vriendelike groete

Me. Ronel Steyn

Skoolhoof